**I.M.S.**
Vol. 1, No. 15

12 DEC 1960
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,
21 Oktober 1960.

## Die Onderburgemeester, Raadslid S. W. J. Liebenberg

Ek is besonder dankbaar om te kan meedeel dat die jongste berigte in verband met die Onderburgermeester, raadslid, S. W. J. Liebenberg, baie gunstig is. Daar is verneem dat mnr. Liebenberg verwag om binne 'n dag of tien terug te wees op Stellenbosch en selfs dat hy alreeds daaraan dink om weer sy verskyning in die raadsaal te maak. Namens die Raad en die inwoners van Stellenbosch, wens ek mnr. Liebenberg van harte 'n spoedige en algehele herstel toe.

## Die Burgerhuis as Nasionale Monument

Ons het pas by monde van prof. dr. D. J. Kotze, lid van die Historiese Monumentekommissie, verneem dat die Brugerhuis tot Nasionale Monument verklaar sal word.

## Pos van Assistent-Stadstesourier

Ek wens mnr. A. L. Basson, tot dusver rekenmeester in die departement van die stadstesourier, geluk met sy bevordering tot die pos van assistent-stadstesourier wat ontstaan het as gevolg van die bedanking van mnr. D. Mostert.

Mnr. J. H. Marais van Goodwood, is in mnr. Basson se plek as rekenmeester aangestel.

## Terrein vir die Voorgestelde Tuiste vir Verstandelike Vertraagdes

Op 'n openbare vergadering wat op Woensdag, 12 Oktober 1960 in die stadsaal gehou is, is hierdie vraagstuk bespreek. Die terrein wat die Raad in gedagte gehad het, ongeveer 20 morg groot, grens aan die plaas Middelvlei en is ten noorde van Onderpapegaaiberg geleë.

Die voorgestelde skema is breedvoerig verduidelik, onder andere, deur mnr. J. N. Smit en mev. Anna Eksteen. Besware wat skriftelik ingedien is by die Raad is ook mondelings her-

haal by die vergadering deur veral mnre. Jack Winshaw, Jannie Momberg en John Collins.

Alhoewel dit die oorspronklike bedoeling was om slegs 'n geleentheid vir sorgvuldige bespreking te bied, is uiteindelik 'n besluit geneem, te wete, dat Stellenbosch wel met die daarstelling van 'n tuiste moet aangaan en dat die Raad oorweging aan die besware wat ingedien is, moet skenk. Die saak sal dus weer voor die Raad dien.

## Voorgestelde Dorpsaanleg in Uniepark

Die Raad het reeds lank gelede begin om voorlopige planne vir die ontwikkeling van Uniepark as 'n dorpsgebied op te stel. Die finale uitleg kon egter nie geskied voordat daar duidelikheid was oor die roete waarlangs die verlengde Merrimanlaan sou loop om by die Helshoogteweg aan te sluit nie. Hierdie moeilikheid is nou uit die weg geruim en die amptenare gaan voort met die beplanning van die gebied.

## Stokery-Afvloeisel

Om van die afvloeisel ontslae te raak, is 'n moeilike vraagstuk. Dit mag bekend wees dat deur die W.I.N.R. heelwat baanbrekerswerk gedoen is en dat daar vooruitsigte bestaan dat die afvloeisel, nadat dit deur sekere prosesse gereinig is weer in die algemene rioelstelsel gelei kan word. Intussen beleef ons 'n oorgangstadium en die Raad het te doen gekry met 'n aantal grondige besware met betrekking tot die reuk van die damme waarin die afvloeisel gelei moes word. Optrede was nodig en tog was dit die begeerte van die Raad, om ook met die nywerhede wat van soveel belang vir ons distrik is, saam te werk. 'n Eksperiment wat aan die hand gedoen is, naamlik, om die afvloeisel in damme te lei wat met saagsel gevul word, blyk nogal geslaag te wees en buitendien het die Raad 'n verslag ontvang van landboudeskundiges dat die saagsel, nadat die proses voltooi is, waardevol is as 'n bemestingstof.

## Bouplanne

Gedurende die maand Augustus is planne vir nuwe geboue en veranderings en toevoegings, van 'n geskatte waarde van £157,000 goedgekeur. Hierby is ingesluit £130,000 vir die nuwe koshuis vir die Denneoord Opleidingskollege. Gedurende September 1960 is planne vir geboue van 'n geskatte waarde van £82,250 goedgekeur.

## Die Ou Rietdakhuisie

Dié Raad verwag om binnekort transport van die gebou te neem en om dan oor die toekoms daarvan te besluit.

## Kleurskema: Die Burgerhuis

Hierdie vraagstuk het baie aandag geniet en daar blyk 'n groot verskil van opinie te wees. Die Raad het derhalwe besluit om die posisie vir 'n jaar te laat soos dit tans is.

## Stellenbosch

AT the recent public meeting some views were expressed which set me thinking about the role that Stellenbosch should play. It was obvious that all those who spoke regarded the town with sincere and deep affection but this affection appeared to me to be possessive far beyond the degree which Stellenbosch can be expected to endure.

It has been a kind mother to all its people and to many an important institution which has come into being within its boundaries. There are those who lament the changes that have of necessity taken place and which have proved that one of Stellenbosch's qualities is the will to grow and develop. They would like to be able to come back to an old, dreamy and beautiful place from which all modern influences and developments have to be kept away.

I am afraid that Stellenbosch has also got to face up to stern reality. The days are over when the few could claim a monopoly. The same phenomenon is occurring all over the country. Once secluded spots and beaches have had to be opened to the public no matter how much the individual may have sufered as a result of the loss of his quietude and privacy. We must not be too selfish and rather console ourselves with the fact that it would be a pity if only the few could be at so beautiful a place. Particularly the last year has opened our eyes to the fact that Stellenbosch has reached a stage of maturity and with it has come a sense of responsibility. Centenaries of famous institutions have been celebrated and the town itself is not far from its 300th birthday.

A counterweight is needed to the educational development. Our young people need work and the requirements of our times demand money. Why regret what men of honesty of purpose have built up even though problems may in the process have been created? These difficulties are not insurmountable and I think personally that Stellenbosch is well on the way to developing on modern lines without losing its charm and character. This is borne out by many an up country and overseas visitor to our town.

## Irrigation Water

At its meeting on Tuesday, 25th October, 1960, the Council decided that the irrigation time-tables will henceforth come into force and owners who are entitled to water are requested to abide by the time-tables as the best means of avoiding unpleasantness and the possibility of being exposed to legal action under the Water Act.

## Site for the Proposed Institution for the Mentally Retarded

As a request has been received in terms of Section 259 of the Ordinance that a public meeting be convened in connection

with this matter, it has been decided that such a meeting be held at the Town Hall at 8 p.m. on Tuesday, 15th November, 1960.

I would be glad if all who are interested and particularly those who are entitled to vote at such meetings, will make every effort to be present and tell their friends and acquaintances about it. The Council is making use of all the means at its disposal to make the fact that the meeting will take place known to the inhabitants of the town.

## National Monuments

Mention has already been made of the fact that the Burgerhuis will most likely be declared a national monument and I intend in future issues of the Eikestadnuus to mention the National Monuments that have been proclaimed for Stellenbosch.

## Electricity Tariffs

The Council's intention to introduce new electricity tariffs is being advertised in this issue of the Eikestadnuus. They will introduce new methods of assessing the charges.

Objections to the proposal may be lodged with the Town Clerk not later than 19th November, 1960.

## Stadsbeplanning

Die Stadsraad het al lank besef dat 'n stadium bereik is waar die sorgvuldigste beplanning op groot skaal noodsaaklik geword het. Dit is in die belang van die dorp dat daar helderheid heers omtrent toekomstige hoofpaaie wat gerieflik sal wees vir mense wat ons dorp wil besoek en vir inwoners om met die minste ongerief by die hoofpaaie te kom wanneer hulle Kaapstad, Somerset-Wes of Paarl toe wil gaan.

Verder is dit ook noodsaaklik dat eienaars sekerheid het omtrent die gebruiksregte van hul eiendomme. Twyfel bemoeilik besigheid en maak 'n plek ongewild by moontlike beleggers.

Die ander belangrike faktor is samewerking tussen die Stadsraad, wat alle seksies van die samelewing se belange moet behartig, en ons opvoedkundige inrigtings, veral die Universiteit. Daar is nog geen beperking op die uitbreiding van die Universiteit waarneembaar nie en slegs beplanning en onderlinge verstandhouding kan die belange van alle partye bevorder.

Die Du Toit-stasie gebied waar die brug oor die spoor gebou sal word om die oorgang van Birdstraat oor die spoor te vervang, geniet ook dringende aandag en hier moet daar met die Spoorweë en die Provinsiale Administrasie ooreengekom word. Voorts is daar aansluitings nodig met die gebied ten suide van die Eersterivier. Blerschstraat is tot 'n hoofpad verklaar en ook hier ontstaan die vraagstuk hoe verdere hoofpaaie en strate daarby kan aansluit. 'n Nuwe brug sal gebou moet word en dit bring weer saam die vraagstuk van die

bestaande Victoria-brug en die bestaande pad na Somerset-Wes. Dit is duidelik dat aan 'n hoofpad wat ten suide van Dalsig en Welgevallen sou loop en, indien wenslik geag, sy aansluiting met Maraisstraat, in gedagte gehou moet word.

Dis belangrik dat ontwikkeling sover moontlik van die walle van die rivier weerhou moet word, omdat die Eersterivier en sy walle die hoof-aantrekkingskrag van ons dorp is en moet bly.

## Toekoms van Kleurlingskole

Weens die vertraging aan die kant van die Staat om 'n finale besluit oor die afbakening van groepsgebiede te neem, het ons behuisings- en skoleprobleem vir sover dit die Kleurlinggemeenskap betref, al groter geword. Uit ervaring weet ons dat 'n agterstand wat op hierdie gebied ontwikkel het, feitlik nooit weer ingehaal word nie, en ons is bevrees dat daar 'n bomenslike taak wag as die beslissing wel eendag val. Gelukkig egter vermoed ons dat die Staat binne 'n maand of twee sy besluit sal neem, sodat daar dan tenminste 'n begin gemaak sal kan word.

Sorgvuldige beplanning sal nodig wees en dit op sigself vereis veel tyd. Ons is reeds bewus van die feit dat al die Kleurlingskole, met een uitsondering, in die gebied val wat na verwagting vir blankes gereserveer sal word. Dit beteken dat daar met verloop van tyd nuwe skole in die Kleurlinggebiede voorsien sal moet word, maar uit die aard van die saak sal dit 'n tydsame proses wees. Van belang is egter om nuwe skoolterreine so gou doenlik aan te wys sodat daarop gebou kan word sodra fondse beskikbaar is .

## Nuwe Telefoonsentrale

Dit is verblydend om te verneem dat die Staat blykbaar haastig is om met die aanbou van die outomatiese sentrale te begin. Die planne en spesifikasies is gereed en na verwagting is 'n tender reeds aanvaar. Ons is ook bly om te kan sê dat die ontwerp van die geboue in oorleg met die Raad geskied het en ek verwag dat dit 'n aanwins vir Stellenbosch sal wees.

## Swembad

Die warm weer sal lesers van die Eikestadnuus met voldoening laat verneem dat die Stadsraad die Universiteit weer gaan nader met die versoek om die swembad gedurende die somervakansie tot beskikking van die publiek te stel. Daar is egter 'n gerug dat daar 'n moontlikheid bestaan dat verbeterings aan die swembad hierdie jaar aangebring sal word wat kan meebring dat die publiek nie die gerief sal geniet nie. Dit sal groot teleurstelling vir die kinders bring.

## Terrein vir die Voorgestelde Inrigting vir Verstandelike Vertraagdes

Ek wil graag daaraan herinner dat 'n openbare vergadering in die stadsaal gehou sal word om 8 uur op Dinsdagaand, 15

November 1960 om geleentheid te gee om hierdie belangrike vraagstuk te bespreek.

## Uitbreiding van Tegniese Kollege

Ons verneem dat die Staat van plan is om toevoegings tot die bestaande kollege-gebou in Dorpstraat te doen, en die Stadsraad sien met belangstelling uit na die ontwerp. Toevallig is die inrigting geleë in 'n deel van Dorpstraat wat besondere bekoring het en ons vertrou net dat daar geen skending sal plaasvind nie.

## Natspuit van Strate

Die Stadsraad het besluit om geen verdere fondse aan die natspuit van strate te bestee nie. Met die oog op die geringe resultate wat bereik word moet hierdie werk feitlik as 'n verkwisting van geld beskou word en die Raad moet eerder oorweeg om geld wat bespaar word, te gebruik vir die teer van verdere strate.

## Use of the University Swimming Bath

I am very glad indeed to be able to announce that the University swimming bath will again be under municipal control and open to the public as from Friday, 11th November, 1960. No charge will be made up to the 9th of December, and after that date the usual fee will be payable after 5.0 p.m.

## Group Areas

Councillor Prof. E. Theron recently had an interview with the authorities in Pretoria. She reports that the Board's proposals for Stellenbosch have been concluded and that they are now with the Minister for final decision. Proclamation may therefore be expected within a comparatively short time. As I pointed out previously, the uncertainty which existed in regard to this matter has hampered the Council badly in its efforts to plan future development and housing schemes which are sorely necessary.

## Christmas Stamp Campaign

The Mayoress, Mrs. W. C. Dempsey, on Monday afternoon called a meeting with the object of organising this year's campaign. In the past the response to the appeal for funds for this very worthy cause has been very generous and I shall be grateful if this year also Stellenbosch will show that it realises the need to combat tuberculosis. Our town has in the past played a leading part in this matter. Stamps will be sold every morning from the table in the foyer of the main post office and over the counter at the other post offices.

## Site for the Mentally Retarded

As this is the last issue of the Eikestadnuus before the public meeting, I would like to issue a last reminder that it will

take place in the Town Hall on the 15th November, 1960, at 8.0 p.m.

## The Water Position

The weather this year is certainly severe and summer has set in very early. Whilst we do not expect a shortage of water as far as the town is concerned, the farmers of the Lower Eerste River Board have expressed their anxiety. I would appeal particularly to riparian owners to abide by the Water Court time tables to ensure a fair and equitable distribution of the available water.

## Meer Foto's van Ou Stellenbosch

Ek is uitdruklik deur die Raad versoek om in die Rubriek die opregte dank van die Museumkomitee en die Stadsraad uit te spreek teenoor Oom Pietie le Roux vir die versameling van allerpragtigste en waardevolste negatiewe wat hy geskenk het. Ook, vir mnr. Lubbe van die firma Edrich wat dit aan ons oorhandig hêt. Dit moet vir hom verleidelik gewees het om van die negatiewe self te hou. Dit is verbasend om te sien hoe ons dorp verander het. Dit sal te vêr gaan om dit in besonderhede te vertel maar almal wat belangstel kan gerus kom kyk.

Om besigtiging egter te vergemaklik is dit my bedoeling om 'n byeenkoms te reël en 'n geleentheid te skep vir 'n informele vertoning van foto's en negatiewe wat aan die lig gekom het. Hoe meer ons van die foto's kry hoe meer wil ons almal vra om tog na te sien of hulle nie ook sulke aandenkings van die ou dae het nie.

'n Verdere rede hoekom ek aanhoudend die beroep doen is dat die Raad besluit het om nou alreeds voorbereidings te tref vir die viering van die driehonderd-jarige bestaan van Stellenbosch. Daar bestaan die gedagte om 'n boek te laat verskyn wat so volledig moontlik, veral wat illustrasies betref, 'n begrip sal gee van die ontwikkeling van die dorp. Dit gaan 'n groot werk wees en ons het tyd om alles bymekaar te maak.

Die teenwoordigheid in ons land van die Engelse dames krieketspan gee my die geleentheid om spesiaal melding te maak van een van die foto's van Oom Pietie le Roux. Dit wys 'n dames krieketspan in aksie op die terrein waar die Universiteit sedertdien verreis het. Daar is slegs een huis aan die suide kant van Victoriastraat sigbaar, ongelukkig ook tekens van 'n brand op die hange van Stellenboschberg. Wat almal sal interesseer is die kleredrag van die speelsters. Ek sal dit nie beskryf nie maar eerder probeer om die foto gepubliseer te kry.

## 'n Outydse Kap-bed

Prof. dr. P. S. du Toit het aan die dorp 'n kap-bed geskenk en ek verstaan dat dit 'n besonder mooi eksemplaar is — soos glo deur 'n kenner van gesag soos dr. Mary Cook, beaam is.

Hierdie skenking het die Museumkomitee beweeg om reëlings te tref vir die oprigting van die bed in een van die mooi kamers op die eerste verdieping van Phillimorehuis. Die bed sal gehaal word en in die teenwordigheid van prof. dr. P. S. du Toit aanmekaar gesit word.

Dit is die bedoeling om van die ander oudhede wat by die bed sal pas in dieselfde kamer te vertoon en ek spreek die hoop uit dat die proefneming so goed sal slaag dat meer van ons ingesetenes wat ou meubels en ander oudhede besit nie sal huiwer om hulle eendag vir die Raad te skenk nie, aangesien hulle oortuig kan wees dat dit goed versorg sal word. Dit is vanselfsprekend dat die kamers vir die publiek toeganklik sal wees.

Ons allerhartlikste dank!

## Die Brons Kat

Die publiek sal onthou dat daar heelwat in die dagblaaie geskryf is in verband met die winkelkat en dat mej. Nerine Desmond 'n besonder mooi brons kat aan die Raad geskenk het.

Dit was nogal 'n moeilike vraagstuk om op te los waar die kat vertoon moet word. Daar sal nou 'n voorstel by die Raad ingedien word en as dit aanvaar word sal almal die kat kan bewonder en ek vertrou van harte dat die publiek dit onder sy besondere beskerming sal neem.

## Die Voorgestelde Terrein vir Verstandelik Vertraagdes

Op die openbare vergadering wat op 15 November 1960 gehou is, is 104 stemme ten gunste van die voorstel wat voor die vergadering gedien het gegee en 45 daarteen. Nadat die uitslag bekend was het die voorgeskrewe aantal kiesers 'n stembus geëis.

Die reëlings in verband daarmee sal behoorlik bekend gemaak word.

## Die Begroting vir die Jaar 1961

Op 'n spesiale vergadering wat op 15 November 1960 gehou is, is die begroting vir die jaar 1961 aangeneem.

Wat die eiendomsbelasting betref, sal daar 'n vermindering met 'n persentasie kan plaasvind. Dit is op .83 sent in die rand

Dit herinner ons daaraan dat die volgende rekenings in Rand en sente uitgestuur gaan word. Dit sal groot eise aan die Departement van die Stadstesourier stel om alles behoorlik aan te pas om die oorgang van die ou stelsel na die nuwe desimale stelsel te bewerkstellig.

W. C. DEMPSEY



PRO EC.